**AFRIKAANS**
**EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL 2**

**JUNIE 2009**

**TYD:** **2 UUR**
**PUNTE:** **70**

Wes-Kaap Onderwysdepartement
PROVINSIALE REGERING – WES-KAAP

## METRO-NOORD

## NASIONALE STRATEGIE VIR LEERDERPRESTASIE
## SENIOR SERTIFIKAAT

# MEMO

Hierdie memo bestaan uit 23 bladsye.

**AFDELING A : ROMAN**

***Roman 1 : Meeulanders - Esta Steyn***

**VRAAG 1 (OPSTELVRAAG)**

- Die antwoorde kan as riglyne by die beantwoording van Vraag 1 gebruik word.
- Gebruik die Nasientabelle vir lang vrae (Eksamenriglyne Vraestel 2 van 2009).
- Let ook op die lengtevoorskrif by hierdie vraag.

**Skalla en Hermanus en Jacob**

- Jacob verlief op Magrietjie du Plessis – Attie verduidelik aan Ryna – "Hy't haar aanbid."
- Magrietjie neem een aand koffie vir Pa op stasie – Skalla probeer haar verkrag
- Pa sien hulle – probeer help – voet haak vas – trein ry hom dood
- Magrietjie in Stikland opgeneem – steeds daar
- Hermanus betaal enigste getuie af om nie te praat nie
- Jacob verloor sy eerste liefde – negatiewe invloed
- begin paar maande later op Meeuland werk om weg te kom

**Fred en Jacob**

- Jacob trou later met Elsabet – nadat sy verhouding met Fred gehad het terwyl hy met Sheila getroud was
- Elsabet – ongelukkig op eiland – ontmoet weer vir Fred na Sheila se selfmoord
- Elsabet swanger met Jacob se kind – baba dood net na geboorte – ruil om met Kinnie en Fred se baba – Jacob dus onwetend pa van Fred se baba
- Elsabet ontmoet weer vir Fred en begin verhouding met hom
- loop weg – Fred kom haal met boot op Meeuland
- skei van Jacob en trou later met Fred
- Jacob verloor dus tweede liefde ook deur Blancenberg – negatiewe invloed

**Skalla en Matthys**

- Matthys werk vir Fred by seegras
- Skalla bekom seegraskonsessie na afpersing – stel Matthys oor skuur aan
- Skalla betrek Matthys by onwettige handel in kreef
- Matthys moet vrag aflewer – word gearresteer
- Matthys verswyg Skalla en Billy se betrokkenheid – kry 30 maande tronkstraf – negatiewe invloed

**Sheila en Doreen**

- Sheila skryf Doreen by kollege in en betaal vir studies
- In ruil moet Doreen vyf jaar by Salamander-Suid skoolhou.
- Positief – Doreen al 16 jaar daar

**Attie en Fred**

- Werk vir Fred – verkiesingsveldtog en bestuur sy motors
- Positiewe invloed – werkverskaffing

**Attie en Skalla**

- gaan saam met Jacob om Skallla "reg te sien" nadat Matthys tronk toe is
- Negatiewe invloed – geweld

**[35]**

**VRAAG 2 (KONTEKSVRAAG)**

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | ONWAAR. ✓ Ryna van Rensburg ✓ | (2) |
| 2.2 | ONWAAR. ✓ Assistent van die hoofman ✓ | (2) |
| 2.3 | WAAR. ✓ | (1) |
| 2.4 | ONWAAR. ✓ Hoofman op Meeuland ✓ | (2) |
| 2.5 | Onbekend ✓ | (1) |
| 2.6 | Fred Blanckenberg ✓ | (1) |
| 2.7 | Kinnie/Veronica Kuiper ✓ | (1) |
| 2.8 | Salamanderbaai ✓ | (1) |
| 2.9 | Hermanus Blanckenberg ✓ | (1) |
| 2.10 | Twilight – Elsabet ✓<br>Pikkewyntjie – Janka ✓ | (2) |
| 2.11 | Ousanna ✓ | (1) |
| 2.12 | Die pyn van die mense wat die boom geplant het, sal in die takke ingroei ✓– soos die boom groter word, sal die pyn minder word. ✓ | (2) |
| 2.13 | Ryna wil die pyn van haar man en seun se dood verwerk ✓ en Jannerik die dood van Kinnie. ✓ | (2) |
| 2.14 | In Silkwood wou Ryna in die takke/blare wegkruip ✓– nou wil sy hê haar pyn moet in die takke ingroei. ✓ | (2) |

2.15 Wildevy ✓ (1)

2.16 Aard aan die Weskus ✓– is gehard en groei sommer van
'n loot af. ✓ (2)

2.17 Sy het verder gaan studeer. ✓✓ (2)

2.18 Sy kan teruggaan Kaapstad toe – Instituut toe of sy kan op
Salamanderbaai bly. ✓ (1)

2.19 Sy het lief geword vir Jacob en Janka het haar nodig – ✓
sy deel 'n geheim met die mense van Meeuland. ✓ (2)

2.20 Derdepersoons-/buite/alomteenwoordige verteller ✓en eerstepersoons/ek-verteller ✓ (2)

2. 21 Buiteverteller: Sien gebeure uit verskillende perspektiewe ✓
van verskillende persone. Weet wat almal sien, doen voel en weet. ✓
Ek-verteller: Ryna van Rensburg – tydsbepaler van chronologiese verloop van die verhaal. ✓ Leer haar diepste gevoelens ken en verskaf ook belangrike inligting m.b.t. haar helingsproses. ✓ (4)

**[35]**

***Roman 2 : Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom – Marita van der Vyver***

**VRAAG 3 – (OPSTELVRAAG)**

> - Die antwoorde kan as riglyne by die beantwoording van Vraag 3 gebruik word.
> - Gebruik die Nasientabelle vir lang vrae (Eksamenriglyne Vraestel 2 van 2009).
> - Let ook op die lengtevoorskrif by elke vraag.

- Hanna wil graag haar lewensverhaal skryf.
- Sy is veertien jaar oud en dink nie sy is mooi nie.
- Sy is veral nie tevrede met haar tande nie.
- Sy openbaar ‘n beheptheid met tande.

- Sy is ook ontevrede met haar gekompliseerd- saamgestelde gesin wat volgens haar heeltemal abnormaal is.
- **Mana,** haar ma, is ‘n eksentrieke kunstenaar wat die snaaksste klere en kleure dra. Sy dra haar verfkwaste in haar hare.
- Sy is ook baie lief vir Hanna en aanvaar haar nes sy is.
- Sy is tans swanger met haar derde kind.

- Sy het nog ‘n seun, **Tibo**, wat agt jaar oud is.
- Hy is uit ‘n proefbuis gebore omdat Mana nog ‘n kind wou hê, maar nie nog ‘n man nie.
- Tibo speel graag met poppe.

- Sy ma is getroud met Hanna se stiefpa, **Beyers**.
- Hy is baie goed vir Mana en hy moedig Hanna aan om te skryf.
- Hy is self ‘n letterkundige en die pa van Hanna se twee stiefbroers ,
  **Amos en Yann.** Yann is effens ouer as Hanna en hulle twee verpes mekaar.
- Ons sien egter later dat Hanna ‘n sagte plekkie vir hom het.

- Die wittebrood-vakansie wat deur Mana beplan is, het almal gedwing om dinge saam te doen en mekaar beter te leer ken.
- Selfs die onwelkome besoek van Hanna se biologiese pa het ‘n goeie nadraai gehad.**Gavin** is Hanna se biologiese pa.
- Sy hare is gebleik, hy dra grimering en is boonop gay.
- Sy sien hom selde en hulle handhaaf ‘n telefoniese langafstand verhouding.
- Hy wou kom kuier vir haar verjaardag.
- Volgens haar was sy besoek heeltemal ongevraagd.
- Hy is uiteindelik die een wat haar ego streel deur haar ‘n “fabulous creature “ te noem.
- Hy gee haar ook ‘n cashmere trui as geskenk - anders as die gewone onvanpaste geskenke.
- Hy sê ook dat hy haar ‘n eksotiese naam wou gee, soos Fabienne of Pascale.
- Dis haar ma wat die familienaam gekies het.

- Terwyl die gesin op die berg vakansie hou ,het **Margot** ook kom kuier. Sy is die ma van Tibo en Yann. Beyers se eks-vrou. Margot is ‘n aktrise in Amerika.
- Sy kom net ‘n blitsbesoek aflê om haar seuns te sien.
- Sy is ‘n opgesmukte, fiksheidsbewuste vrou wat nie wil oud raak nie.
- Sy bekoor en komplimenteer almal, insluitend Hanna.
- Sy grimeer haar en maak haar bewus van haar eie mooiheid.

- Om van al hierdie snaaksighede te ontsnap, skryf Hanna ‘n verhaal waarin sy ‘n karakter skep wat alles is wat sy nie is nie.
- **Fabienne** is haar alterego.
- Sy het mooi tande, ‘n tandarts-pa, ‘n ma wat mooi aantrek en tuinmaak.
- Hulle woon in ‘n mooi groot huis en haar lewe is ‘n reguit lyn van geluk.

- Soos die verhaal verloop, vind ons dat Hanna nie meer nodig het om te ontsnap uit haar eie werklikheid nie omdat sy al haar mense begin waardeer en aanvaar soos hulle is.
- Sy leer ook om by hulle aan te pas.
- Haar vriendin, **Sharon**, laat haar ook besef hoe kosbaar haar familie is en dat rykdom nie geluk kan koop nie. (*in hierdie trant*)

**[35]**

## VRAAG 4 (KONTEKSVRAAG)

4.1 waar ✓ (1)

4.2 onwaar ✓ (1)

4.3 waar ✓ (1)

4.4. onwaar ✓ (1)

4.5. onwaar ✓ (1)

4.6. Die nuwe huis waarheen hulle as saamgestelde gesin sou trek. ✓✓ (2)

4.7. **Ja** ✓want:

- dit lyk soos ‘n vervelige winterjas wat met ‘n lawwe strooihoed gedra word.
- dit lyk soos ‘n spoorweghuis wat te groot is vir sy skoene;
- die boonste verdieping is later bygevoeg
- die mure is vuilwit.
- die vensters se groottes verskil.
- die onderste verdieping het growwe baksteenmure met staalraamvensters.
- die tuin is onversorgd en vol onkruid.
- die ou huis en die aangeboude gedeelte verskil. (enige **drie**)

(4)

| | | |
|---|---|---|
| 4.8 | Die gesin het meer ruimte nodig sodat elkeen sy eie kamer kan hê.✓<br>‘n Perfekte huis is onbekostigbaar omdat nòg Mana nòg Beyers ’n hoë, vaste inkomste het .✓<br>Albei is in die kunste. ✓<br>Die huis het aandag nodig, maar dit kan hulle mettertyd self regmaak. ✓<br>Daar is nog ‘n baba op pad en daarvoor moet ook beplan word. .✓<br>Die huis wat hulle koop, moet dus hul sakke pas. .✓ *(in hierdie trant)* | (6) |
| 4.9 | Hulle gaan as gesin✓ in ‘n berghut✓ vakansie hou. ✓ | (3) |
| 4.10 | Mana✓ wil wittebrood✓ hou en almal die geleentheid gee om mekaar beter te leer ken✓. | (3) |
| 4.11 | Hanna✓ verjaar✓. (sy raak 15) | (2) |
| 4.12 | Gavin dra gebleikte ✓hare en stywe klere.✓ Sy ken hom nie,✓ want hy is net ‘n stem oor die telefoon. Hy is ook gay. ✓ (enige drie) | (3) |
| 4.13 | Tibo is Hana se stiefbroertjie. ✓ | (1) |
| 4.14 | Hy is uit ‘n proefbuis gebore / sy ma is kunsmatig bevrug ✓✓<br>en hy ken dus glad nie sy regte pa nie. ✓ | (3) |
| 4.15 | Margot ✓ | (1) |
| 4.16 | Fabienne ✓ | (1) |
| 4.17 | Beyers ✓ | (1) |

**[35]**

***Roman 3: Kringe in 'n bos – Dalene Matthee***

**VRAAG 5 (OPSTELVRAAG)**

- Die antwoorde kan as riglyne by die beantwoording van Vraag 5 gebruik word.
- Gebruik die Nasientabelle vir lang vrae (Eksamenriglyne Vraestel 2 van 2009).
- Let ook op die lengtevoorskrif by elke vraag.

**Konflik met Jozef en die bosmense**

- Saul bevraagteken dinge en tradisies wat die ander in sy groep klakkeloos aanvaar.
- Anders as sy broer, is Saul vroeg reeds skepties en hy bevraagteken dit wat die grootmense vertel.
- Maska beweer ook: "Jy was van altyd af eiewys en annerster". En oom Martiens Botha se uitspraak is: "Jy loop jou lewe lank nog alleen, Saul".
- Voorbeelde: die oopkap van die bloubokkie se kop; die verset teen die afkap van die kalander; die insig dat hulle besig is om die Bos dood te kap. Dit vervreem hom van sy groep.
- Ook die feit dat hy hom aan Oupoot se kant skaar, isoleer hom verder van die ander.
- Hy begin 'n eensaam pad loop: oproering, opstandeling, weggejaagde.
- Hoewel hy hartstogtelik lief vir die bos is, verag hy die armoede, agterlikheid van die boslewe en die Bosmense se kortsigtigheid, asook hulle gebrek aan visie en ambisie.

**Konflik tussen Saul en sy pa (die afkap van die kalander)**

- Saul se konflik met sy pa begin op veertienjarige ouderdom nadat hy die bloubokkie se kop oopgekap het. Sy pa het hom hierna as 'n oproerling beskou.
- Op die dorp is Saul ook bitter teleurgesteld toe hy sien hoe sy pa voor MacDonald kruip.
- Toe sy pa wou hê dat hulle die kalander moes afkap, het Saul openlik in opstand teen sy pa gekom.
- Dat Saul verder as sy gesin oor die Bos dink (vgl. ook sy siening van die Bos as die oorspronklike Paradys op pp. 33-34), is reeds duidelik teen die tyd dat hulle die kalander moet afkap.
- Daarom verset hy hom direk teen sy pa se bevel om daaraan te kap. Joram forseer hom egter deur fisieke geweld om die boom te help afkap.
- Op agtienjarige ouderdom kom Saul weer in opstand teen sy pa wanneer Saul sy pa beskuldig dat hy voor MacDonald kruip. Die insident gee aanleiding daartoe dat dat sy pa hom wegjaag.

**Konflik tussen Saul en MacDonald**

- Saul se verhouding met MacDonald het begin toe hy vir die eerste keer sy pa na die dorp vergesel het om hout af te lewer.
- Daardie dag het iets in Saul gebreek toe hy sien hoe sy pa voor MacDonald moes kruip.
- Vier jaar later gaan werk Saul vir MacDonald. MacDonald laat Saul soos 'n slaaf werk.
- Vir twee jaar doen Saul die harde werk vir slegs slaapplek agter in MacDonald se skuur, 'n bord kos en die geld wat teen sy pa-hulle se skuld afgetrek word.
- MacDonald verbied ook vir Saul om vir Kate te sien.
- Wanneer MacDonald vir Saul as gids stuur, gryp Saul die kans aan .
- Nadat Arend Botha sterf omdat MacDonald hom mediese hulp weier, kom Saul in opstand en ontslaan homself uit MacDonald se diens.

**Saul en die dorpsmense**

- In die dorp is hy ook 'n buitestander, 'n uitgeworpene:
- Omdat hy 'n inwoner van die Bos (anders) is, word hy as agterlik gesien.
- Hy word bv. nie toegelaat in die openbare bibloteek nie.
- Sy slotsom: 'n mens moet geld hê en Engels wees om aanvaar te word.
- Hy voel hom steeds nie menswaardig nie; sy slaapplek in die skuur help om hom eenkant te hou.
- Die tydperk op die dorp maak hom egter meer vasberade om vanuit sy omstandighede uit te styg en te bewys dat alle bosmense nie agterlik is nie.

**[35]**

**VRAAG 6 (KONTEKSVRAAG)**

6.1 Hy word beskou as 'n spioen vir Harrison. ✓
Die dorpsmense hou hom verantwoordelik vir Arend Botha se dood. ✓
Indien die regeringsamptenare sou uitvind dat hy familie van Joram is, sou hulle Joram se houtlisensie afvat. ✓
(**Enige twee redes**) (2)

6.2 verjaarsdag ✓ (1)

6.3 Die bloubokkie se gal sit nie in sy kop nie. ✓ (1)

6.4 Hy het uitgevind dat die houtkappers al die jare "opsetlik vir hom gelieg het" ✓ of dat hulle "self die lieg geglo het". ✓ (2)

6.5 Hy wou vir Oupoot self skiet, om hom die vernedering te spaar om voor Terblanche se geweer te buig. ✓ (1)

6.6 Nee. ✓Hy kon nie die reg in eie hande neem nie. Hy moes toelaat dat Terblanche hom skiet. ✓

of

Ja. ✓ Terblanche sou Oupoot 'n wrede dood laat sterf het, en Saul wou hom so 'n dood spaar. ✓ (2)

6.7 Saul se optrede wys op die mens se drang om dit /dinge wat vir jou waardevol is, ✓te beskerm en nie diegene onnodig te laat ly nie. ✓ (2)

6.8 Soos hy na Oupoot soek, word hy gekonfronteer met dinge van die verlede ✓ waaraan hy nie wil dink nie. ✓ (2)

6.9.1 Jozef het 'n groot verlies gely toe sy seun, Joram, deur 'n olifant geskep is. ✓ (1)

6.9.2 Ek sou tot by Jozef gaan en 'n hand van broederskap na hom uithou. **(of enige relevante antwoord**) ✓✓ (2)

6.10 Tydens die uitsleep van 'n boom het Jozef vir Saul gehelp en die rieme van sy skouers afgehaal toe hy moeg was. ✓ (1)

6.11
- Hy het geweier om die kalander af te kap. ✓
- Hy en Jozef het gestry oor die feit dat die houtkappers die bos vernietig. ✓
- Hy het vir sy pa gesê dat hy nie langer " 'n pad stap wat na nêrens lei nie".✓

(**noem enige twee gevalle)** (2)

6.12 C geestelik blind ✓ (1)

6.13 D Hy versorg Saul tydens sy siekte. ✓ (1)

6.14 Waar. ✓Hy sê selfs die olifante het nie die blaartjies van die boom geëet nie. ✓ (2)

6.15 Waar. Hy was so verwonderd dat hy van sy seer lyf en voete vergeet het toe hy die see sien. ✓ (2)

6.16 Arend Botha ✓ (1)

6.17 Marais ✓ (1)

6.18 kwartponder ✓ (1)

6.19 Patterson ✓ (1)

6.20 Mister Osborne ✓ (1)

6.21 Knysna-Bos ✓ (1)

6.22 houtkappers ✓ (1)

6.23 houtkopers / delwers✓ (1)

| | | |
|---|---|---|
| 6.24 | delwers / houtkopers ✓ | (1) |
| 6.25 | agterlik ✓ | (1) |

**[35]**

**AFDELING B : DRAMA**

***Drama 1 : Paljas – Chris Barnard***

**VRAAG 7 (OPSTELVRAAG)**

> ➢ Die antwoorde kan as riglyne by die beantwoording van Vraag 7 gebruik word.
> ➢ Gebruik die Nasientabelle vir lang vrae (Eksamenriglyne Vraestel 2 van 2009).
> ➢ Let ook op die lengtevoorskrif by elke vraag.

## Hendrik en Katrien se verhouding

- Hendrik en Katrien kommunikeer nie.
- Hule leef bymekaar verby
- Hulle verstaan nie mekaar se behoeftes nie.
- Hulle slaap nie in dieselfde bed nie.
- Katrien maak haarself mooi elke keer as sy sien Frans kom, maar voel terselfdertyd skuldig wanneer hulle alleen saam is / Sy is onseker oor haar gevoelens vir hom.
- Hendrik vertrou Katrien nie (verdink haar daarvan dat sy Frans bo hom verkies)
- Katrien verwyt Hendrik omdat hy haar nie verstaan nie.
- Blameer mekaar ver allerhande dinge

## Die uitwerking wat Hendrik en Katrien se verhouding op Emma het

- Emma het geen ondervinding van verhoudings met mans nie.
- Raak baie kwaad wanneer haar Hendrik vir Nollie aan haar probeer afsmeer.
- Sy is bewus van die ongelukkige verhouding tussen haar ouers
- Sy dink ’n huwelik is nie iets wat geluk bring nie;
- Sy wil nie ook in so ‘n verhouding wees nie.
- Sy voel onseker en sy wil nooit trou nie.
- Onseker oor haar gevoel vir Nollie;
- Wil hom nie ’n kans gee nie

**Die uitwerking wat Hendrik en Katrien se verhouding op Willem het**

- Willem is erg getraumatiseer deur sy ouers se getwis en hul ongelukkige verhouding.
- (Kinders wil graag hê hul ouers moet lief wees vir mekaar.)
- In reaksie daarop hou hy op met praat
- en slaap hy nie in sy eie bed nie
- omdat hy so bang en verskrik is.
- Emma het geen ondervinding van verhoudings met mans nie.
- Bewus van die ongelukkige verhouding tussen haar ouers
- Dink ’n huwelik is nie iets wat geluk bring nie;
- dus voel sy onseker en sy wil nooit trou nie.
- Onseker oor haar gevoel vir Nollie;
- Wil hom nie ’n kans gee nie

**[35]**

**VRAAG 8 (KONTEKSVRAAG)**

| | | |
|---|---|---|
| 8.1 | Emma ✓ | (1) |
| 8.2 | Katrien ✓ | (1) |
| 8.3 | Nollie ✓ | (1) |
| 8.4 | Hendrik ✓ | (1) |
| 8.5 | Katrien het oorbelle gekoop wat hulle nie kan bekostig nie. ✓ | (1) |
| 8.6 | B sarkasties ✓ | (1) |
| 8.7 | Hy doen toertjies met klippe wat hy in die lug opgooi. ✓ | (1) |
| 8.8 | Hy is ontsteld en vang al drie klippe mis. ✓ | (1) |
| 8.9 | Hy het niks in die lewe bereik nie. ✓ | (1) |
| 8.10 | ’n Vrou het gevoelens. ✓ | (1) |
| 8.11 | Onwaar. ✓Hendrik en Katrien slaap saam in ’n kamer, maar nie in dieselfde bed nie. ✓ | (2) |
| 8.12 | Hulle is te besig met rusie maak dat hulle niks sien nie. ✓ | (1) |
| 8.13.1 | In ’n ou, vervalle skuur. ✓ | (1) |
| 8.13.2 | Hy sê hulle moet speel. ✓ | (1) |

8.13.3 Hy verander van ’n bedrukte, ongelukkige kind na ’n nar wat vir sy eie gesig in ‘n stuk spieël kan lag. ✓ (1)

8.13.4 Grapmaker/ kunstig / lief vir kinders/ opgewek/ goedhartig/ opreg ✓✓ (enige TWEE) (2)

8.13.5 Onwaar. ✓ Manuel sê hy moet huis toe gaan, omdat sy ouers gaan bekommerd raak omdat dit laat is. ✓ (2)

8.14 B toneelaanwysings ✓ (1)

8.15 “’n deur klap” ✓ / brom-brom ✓/ “gooi sy hoed” ✓ (enige TWEE) (2)

8.16 Ja. ✓ Konflik tussen dorpenaars en McDonalds – die mense op die dorp skinder oor hulle omdat Willem nie praat nie en hulle so afgesonderd leef Die dorpenaars veroordeel die McDonalds sonder dat hulle hul ken. ✓✓ (3)

8.17 Onverdraagsaamheid en vooroordeel van mense teenoor mekaar ✓ (1)

8.18 Hy kon haar nie sien nie, want sy het onder die sinkbad gelê. ✓ Hy het egter met haar gepraat en weet presies waar sy is. ✓ (2)

8.19 Hy maak asof hy vir haar die perdeblomme langs die spruit wil gaan wys. ✓ (1)

8.20 Sy is nog nie gereed vir ’n verhouding met Nollie nie en wil nie aan hom afgesmeer word nie. ✓ (1)

8.21 Emma het kaal in die sinkbad gelê toe Nollie daar aankom. ✓ Haar handdoek het oor die leuning van ’n stoel gehang en Nollie het gesê hy sal net die handdoek vir haar gee as sy belowe om saam met hom na die Volstruisdans toe te gaan. ✓ (2)

8.22 Katrien en Hendrik kommunikeer nie / verstaan nie mekaar se behoeftes nie / leef by mekaar verby, ✓want hy weet nie sy wil dans toe gaan nie. Sy sê dit nie. ✓ (2)

**[35]**

***<u>Drama 2 : Poppie – Elsa Joubert & Sandra Kotzé</u>***

**VRAAG 9 (OPSTELVRAAG)**

> - Die antwoorde kan as riglyne by die beantwoording van Vraag 9 gebruik word.
> - Gebruik die Nasienmatriks vir lang vrae (Eksamenriglyne Vraestel 2 van 2009).
> - Let ook op die lengtevoorskrif by elke vraag.

**Redes waarom sy die skool verlaat het**

- Op **nege-jarige ouderdom** was sy aangesê om die skool te verlaat om na Mama Lena se kinders om te sien.
- Sy het haarself verdere opleiding gegee deur uit **Mosie se skoolboeke** te lees.
- Weekliks was ***Die Jongspan*** by die winkel aangekoop.
- Hulle het graag die stories **van Pokkels, Jakkals en Wolf en Tarzan** gelees.
- Hulle het ook graag die **kolletjies van tekeninge verbind**.
- Sy het ook voort gegaan om die **liedjies te sing** wat sy in die skool geleer het.

**Versorging van haar familie tot wanneer sy gaan werk het**

- Poppie het haar **hele familie in Plank se huis** versorg.
- **Bedags het sy Mama Lena se kinders opgepas**, want haar ma het in 'n fabriek gewerk.
- Sy het ook na **ouma Hannie** omgesien tot lg. gesterf het.
- Sy het tot op die **ouderdom van dertien** na haar broertjies en sustertjies omgesien.
- In dieselfde jaar het sy haar **eerste werk as skoonmaker in 'n fabriek** gekry.

**Opofferings wat Poppie vir haar kinders gemaak het**.

- Poppie het vir **baie lang ure vir min geld** gewerk.
- Sy het ook na **Mdantsane** verhuis en vir Stone agter gelaat om vir haar -kinders 'n beter toekoms te bied.
- Sy het telkens die **paskantore besoek om 'n verle**nging sodat sy werk kan kry.
- Na **Stone se afsterwe het sy teruggetrek na die Kaap sonder 'n pas**, daar kon sy vir meer geld gaan werk.
- Sy was selfs bereid om in **vrees** te lewe tydens die polisie-klopjagte by huise.
- Poppie het selfs **Bonsile se kind** as haar eie groot gemaak.

**Poppie se verhouding met God**

- Ouma Hannie het vir Poppie geleer van God, want **sy was 'n kerkvrou**.
- Poppie en Stone is in die **huwelik deur 'n predikant bevestig** en sy het 'n noue verhouding met God gehad.
- Sy woon die kerk by en **pleit by God om haar familie te beskerm**.
- Sy bid ook tot God dat Hy vir **Stone moet vergewe deurdat hy 'n toordokter** gaan besoek het oor sy gesondheid.
- Sy ervaar hoe die **Here se krag deur haar liggaam vloei**.
- Sy was **gedwing om haar tuiste te ver**laat en moes na Mdantsane trek.
- Dit het vir haar gevoel of **haar hart vir die Here** dood gegaan het.
- Sy het dit amper gelate aanvaar dat dit **God se wil was dat sy deur sulke moeilike tye moes gaan.**
- Op **Kersdag van 1976 het sy en haar kinders die kerk besoek** terwyl die onluste voort geduur het.

**[35]**

**OF**

**VRAAG 10 (KONTEKSVRAAG)**

10.1 Mr Strydom ✓ (1)

10.2 Paskantoor in Nyanga✓ (1)

10.3 Sy kwalifiseer nie in die Kaap nie, ✓
sy is getroud met 'n man van Ciskei. ✓ (2)

10.4 Sy het drie kinders aan huis gehad ✓ en haar man (Stone) was siek. ✓
(2)

10.5 Poppie se ma / Mama Lena ✓ (1)

10.6 Mama Lena is kwaad en sien neer op die inwoners van Ciskei ✓
omdat hulle "rou" is. ✓ OF
Mama Lena bedoel dat hulle "onontwikkeld" is. ✓✓ (2)

10.7 Destydse Transkei / Brits - Kaffraria ✓ (1)

10.8 C - wanhopig ✓ (1)

10.9 B - antagonis ✓ (1)

10.10 D – satire ✓ (1)

10.11. Onwaar. ✓Themba/ Andrew sterf op vyf maande aan kinkhoes. ✓ (2)

| | | |
|---|---|---|
| 10.12. | Dit was die Afrikaans wat die Swartes in Suid-Afrika gedurende die Apartheidsjare gepraat het. ✓ | (1) |
| 10.13.. | Huisies is baie vol / Gebroke gesinne / Kinders word soms uit skole gehaal om hul broertjies en sustertjies op te pas. (Enige twee) ✓✓ | (2) |
| 10.14 | Ja. ✓ Hy is gebore toe Stone oorlede is. ✓ | (2) |
| 10.15 | Retoriese vrae ✓ | (1) |
| 10.16 | C Hoedjie ✓ | (1) |
| 10.17 | D Stone ✓ | (1) |
| 10.18 | E Poppie ✓ | (1) |
| 10.19 | B Jakkie ✓ | (1) |
| 10.20 | A Mrs Retief ✓ | (1) |
| 10.21 | Die leerder se eie mening, maar die antwoord moet gerig wees op hoe Poppie oor Mdatsane voel. | (2) |
| 10.22 | 1976 / Soweto-opstande ✓ | (1) |
| 10.23 | biersale/sjebeens ✓ | (1) |
| 10.24 | doodgeskiet/ gemartel ✓ | (1) |
| 10.25 | groot / leidende ✓ | (1) |
| 10.26 | optog / protesoptog✓ | (1) |
| 10.27 | Nee. ✓ Die leser/gehoor het simpatie met Poppie, want hulle weet dat dit nie die waarheid nie. ✓ | (2) |

**[35]**

**OF**

**AFDELING C : KORTVERHALE**

**STORIEJOERNAAL – saamgestel deur J.P. en Ria Smuts**

**VRAAG 11 (OPSTELVRAAG)**

- Die antwoorde kan as riglyne by die beantwoording van Vraag 11 gebruik word.
- Gebruik die Nasienmatriks vir lang vrae (Eksamenriglyne Vraestel 2 van 2009).
- Let ook op die lengtevoorskrif by elke vraag.

**Solly se innerlike konflik**
- Dis moeilik vir Solly om sy pa te vergewe.
- Hy het goed gevaar op skool (matriekvrystelling) en tog sukkel hy om 'n goeie werk te kry.(werk as 'n handlanger in die boubedryf)
- Dit maak hom opstandig.
- Sy ma verloor haar werk en hy moet vir die gesin sorg, maar hy verdien te min.
- Dis moeilik om te besluit of hy dwelms moet verkoop.
- Hy weet sy ma sal dit teenstaan – sy het hom grootgemaak om eerbaar te wees – 'n goeie Moslem.

**Konflik tussen Solly en sy ma**
- Konflik tussen Solly en sy ma weens dwelmhandel.
- Hy kan nie vir haar lieg oor sy betrokkenheid by dwelms nie.
- Sy ma wou hom wegjaag.
- Dis die eerste keer wat Solly op haar skreeu.
- Hy is bereid om tronk toe te gaan daarvoor, maar sy sê hy is "stupid".
- Op 'n stadium het hulle nie met mekaar gepraat nie.
- Sy ma wou niks van hom hê nie – sy verwerp alles wat hy met hierdie geld koop.
- Sy stel vir Solly 'n ultimatum.
- Dis asof daar 'n muur tussen hulle is.
- Ma is bekommerd oor Solly al keur sy die dwelmhandel af.
- Hy is ook bekommerd oor haar en wil haar nie hoor huil nie
- Hy voel sleg omdat hy teen sy ma se wense gaan en wil haar vergifnis hê.

**Konflik tussen Solly en die gereg**
- Solly word gearresteer vir die besit van R2 miljoen se dwelms
- en gaan tronk toe.
- Solly het ook in sy hoërskooljare met die polisie gebots oor deelname aan politieke optogte.
- Solly word in die tronk vermoor. (Bots met medegevangene)

**Ironie**

- Dis ironies dat 'n goed opgevoede seun soos Sollie betrokke raak by dwelmhandel.
- Dis ironies dat die verkeerde keuse wat hy maak, juis is om vir sy ma wat hom opgevoed het, te help.
- Dis ook ironies dat hy nie bereik het wat hy graag wou bereik nie., nl. om sy ma te help, want sy verwerp alles.
- Dit is ook ironies dat hy wat haar so graag haar vergifnis wou hê, sterf, sonder dat sy vir hom sê dat sy hom vergewe.
- Die titel is dus ook ironies omdat hy haar eintlik nie 'n beter lewe gee nie.

**[35]**

**VRAAG 12 (KONTEKSVRAAG)**

**Lied or Niemandsland deur** Jan Rabie

| | | | |
|---|---|---|---|
| 12.1 | vyf jaar✓ | | (1) |
| 12.2 | twee ✓ | | (1) |
| 12.3 | doringdraadheining ✓ | | (1) |
| 12.4 | Anna ✓ | | (1) |
| 12.5 | Sy ma ✓ | | (1) |
| 12.6 | kwaad ✓ | | (1) |
| 12.7 | dreigemente /gespot ✓ | | (1) |
| 12.8 | kitaar ✓ | | (1) |
| 12.9 | C | Evert ✓ | (1) |
| 12.10 | D | personifikasie ✓ | (1) |
| 12.11 | B | vergader om te luister✓ | (1) |
| 12.12 | B | die verpligte diensplig gehaat✓ | (1) |
| 12.13 | Sy huil van blydskap oor haar seun wat terug is✓ en oor wat hy daar sou vind. ✓ | | (2) |
| 12.14 | Hy het wit om die mond geword / geskok / sy gesig was somber. ✓ | | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 12.15 | Die dorp wat hy geken het, was nie verdeel nie / die heining was nie daar nie. ✓<br>Daar was geen soldate nie. ✓<br>Die ry huise langs die hoofstraat wat nou gesloop is, was nog daar. ✓<br>Die markplein wat eers daar was, is nou omgeploeg en gelykgemaak. ✓ | (4) |
| 12.16 | Hy wou met Anna trou. ✓ | (1) |
| 12.17 | Hy toon respek vir gesag. ✓ | (1) |
| 12.18 | Onwaar. ✓<br>Hulle het ŉ seun deur die draadheining geskiet. ✓ | (2) |
| 12.19.1 | Sy sê Anna is verloof aan ŉ ander man. ✓<br>Probeer hom aan ŉ ander meisie voorstel. ✓<br>Sê die mense aan die ander kant is sleg. ✓<br>[Enige TWEE] | (2) |
| 12.19.2 | Sy wil haar kleinkinders in haar arms hou voordat sy sterf./ ✓<br>Evert raak ouer en sal later dalk glad nie meer wil trou nie./ ✓<br>Sy wil hê dat hy gelukkig moet wees.✓[Enige TWEE] | (2) |
| 12.20.1 | swaarkry/ seerkry / boosheid ✓ | (1) |
| 12.20.2 | Dit laat ons dink aan ‘n slang wat listig en dodelik kan wees. ✓✓<br>OF<br>Die heining is iets boos en dit bring die dood. ✓✓ | (2) |
| 12.21 | Dis ŉ neerdrukkende, hartseer stemming weens die gevolge van die oorlog en die skeiding van geliefdes. ✓<br>Aan die einde is daar ŉ stemming van hoop en aanvaarding. ✓ | (2) |
| 12.22 | Liefde kan nie deur skeiding vernietig word nie. ✓<br>Die jong dienspligtiges was ook slagoffers van die oorlog en moes teen wil en dank bevele uitvoer. Ook hulle is geskei van geliefdes en het ook die boodskap verstaan. ✓<br>Die sekerheid omtrent jul liefde gee jou dus die krag vir die toekoms. ✓ | (3) |
| | | **[35]** |

**AFDELING D : GEDIGTE**

**VERSJOERNAAL – saamgestel deur Hein Willemse e.a.**

**VRAAG 13 (KONTEKSVRAAG)**

| | | |
|---|---|---|
| 13.1 | Vlottenburg ✓ | (1) |
| 13.2 | Rok ✓ | (1) |
| 13.3 | handsak ✓ | (1) |
| 13.4 | plaas(werker) ✓ | (1) |
| 13.5 | kos ✓ | (1) |
| 13.6 | halte ✓ | (1) |
| 13.7 | houtkruis ✓ | (1) |
| 13.8 | ongeluk waar bestuurder wegjaag ✓ | (1) |
| 13.9 | alliterasie ✓ | (1) |
| 13.10 | plakkershutte ✓ | (1) |
| 13.11 | retoriese vraag ✓ | (1) |
| 13.12 | strak met inspanning kyk ✓ | (1) |
| 13.13 | Hulle lewe sal aangaan./Die tyd genees alles. ✓ ✓ | (2) |
| 13.14 | Ja/Nee ✓ Motivering, eie opinie (moet pas by ja/nee) ✓ ✓ | (3) |
| 13.15 | armoedige | (½ ) |
| | | **[17½]** |

**VRAAG 14 (KONTEKSVRAAG)**

14.1 Sy wil eerder onthou wat sy het / waaroor sy bly kan wees/ watter gawes sy het. ✓ ✓ (2)

14.2 Sy is bly / dankbaar dat sy nog kan hoor. ✓ (1)

14.3 "**kl**ein **kl**ikgeluidjies" ✓ (1)

14.4 'n Dag vol bedrywighede. / Die stad was baie bedrywig/besig. ✓ (1)

14.5 personifikasie ✓ (1)

14.6 Sy probeer om kalm te bly en net die rustige klanke in en om haar woonstel te hoor, ✓ maar terselfdetyd kners sy haar tande van irritasie as sy na haar bure se harde TV-klanke luister. ✓ (2)

14.7

- vaste rymskema ✓
- versreëls en strofes verskil in lengte ✓
- opnoemtegniek word gebruik ✓ (Enige TWEE) (2)

14.8 Die voël se roep is hartseer / dit klink so hartseer dat dit 'n mens se hart breek as jy dit hoor. ✓ (1)

14.9 Waar ✓ "Waarvan sy die naam nog moet leer" ✓ (2)

14.10 D – kook ✓ (1)

14.11 C – gawes ✓ (1)

14.12 Ja / Nee ✓ + Motivering ✓ (2)

14.13 gehoor ✓ (½)

**[17½]**

**VRAAG 15 (KONTEKSVRAAG)**

| | | |
|---|---|---|
| 15.1 | Ja / Nee. ✓ Motivering eie opinie(moet by ja/nee pas) ✓ | (2) |
| 15.2 | 'n Visserman wat op Skipskop bly / inwoner van Skipskop ✓ | (1) |
| 15.3 | Hulle moet hul besittings oppak en Skipskop verlaat./ ✓<br>Hulle moet hul bootjie verkoop. ✓ | (2) |
| 15.4 | Misverstand | (1) |
| 15.5 | Hulle kan hul besittings op hul koppe sit en so verhuis. ✓ | (1) |
| 15.6 | "nes my pa en sy pa ook" ✓ | (1) |
| 15.7 | Ons kan aflei dat daar nie met die inwoners gekommunikeer is nie, ✓ en dat hulle verward was. ✓ | (2) |
| 15.8 | Hy sê hy ken geen ander plek as Skipskop nie. ✓ | (1) |
| 15.9 | Ja/Nee. ✓ Motivering eie opinie(moet by ja/nee pas) ✓ | (2) |
| 15.10 | Dit beklemtoon die harde werklikheid. ✓ ✓ | (2) |
| 15.11 | Die spreker se taalgebruik weerspieël die inwoners van Skipskop ( 'n vissersdorpie langs die Kaapse kus) se Taalgebruik ✓ naamlik Kaaps Afrikaans / gemengde | (2) |
| 15.12 | Ses strofes | (½) |
| | | **[17 ½]** |

**VRAAG 16 (KONTEKSVRAAG)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 16.1 | vaal ✓ | | (1) |
| 16.2 | pas / hoort ✓ | | (1) |
| 16.3 | afgesloof ✓ | | (1) |
| 16.4 | vriendelik | ✓ | (1) |
| 16.5 | duppelpunt | - ‘n verduideliking volg daarna ✓ | (1) |
| 16.6 | vergelyking | -“kneukels rooi, soos die tamatiesap ✓ | (1) |
| 16.7 | Italiaanse sonnet | - 14 versreëls met oktaaf en sestet ✓ | (1) |
| 16.8 | Teenstelling / kontras - Melkkantien ✓ | | (1) |
| 16.9 | Oktaaf - agt versreëls ✓ | | (1) |
| 16.10 | sestet - die wending is in hierdie deel van die gedig.✓ | | (1) |
| 16.11 | D waar alles blink ✓ | | (1) |
| 16.12 | D gesig ✓ | | (1) |
| 16.13 | Die vrou is oud en verrimpeld terwyl hulle jonk is.✓ EN<br>Die vrou is onversorgd ( haar hare is toutjies) , terwyl die ander opgetooi is. ✓ | | (2) |
| 16.14 | Die spreker is ’n klant by die Melkkantien. ✓ | | (1) |
| 16.15 | Dis die woorde vandie kelnerin en nie die spreker nie. ✓<br>Dit gee die indruk dat die kelnerin haar taal vermeng / nie ver op skool gevorder het nie / ’n swak opvoeding gehad het. ✓ | | (2) |
| 16.16 | tamatiesap | | (½) |

**[17 ½]**

**GROOTOTAAL: 70**